Hallo Anton,

'n Kort skrywe van dank aan julle vir die voorreg wat ek, my vrou en vriende van die Vrystaat kon ervaar by julle Lodge in Barra (5Sept tot 12 Sept 2010).

Om die waarde van hierdie ervaaring te onderskraag moet ek noem dat dit ons 16'de jaar is wat ons slegs in Mosambiek vakansie hou, indien ons nie buite Afrika se grense gaan nie. Ons ken die land, sy uitdagings en die insette wat Suid Afrikaners daar lewer, darm effe beter as die normale man op straat en voel ek redelik gemaklik om aan julle die volgende te stel –

Kom ons begin by die begin:

- Julle Web tuiste is in die kol – Dit wat jy op die Webblad sien is 100% die prentjie wat jy kry as jy eers daar is. (Ons vakansiegangers word gewoonlik effe mislei deur foto's en werklikheid).
- Julle aanwysings, vir mense wat die area nie goed ken nie is ook 100% (Ek dink daar is niks slegter om na 'n hele klomp ure op die pad, nog te soek na jou verblyf nie.)
- Met aankoms is ons die eerste keer in 16 jaar ontavang deur personeel wat glo hulle werksplek is gelyke met "Sun city" se "Lost Palace". Jy word hartelik gegroet, verwelkom en mag aan niks raak wat lyk soos 'n tas of 'n koelboks of selfs die ou tupperblik met padkos nie.
  Wat 'n verwelkoming!
- Pedro het ons wooneenhede uitgewys en ons vir 'n kort toer deur die lodge geneem (waar kry jy dit?)
- Dit is op hierdie stadium dat ek self kon ontspan - Julle weet hoe dit is om vir vriende 'n vakansie te reel (hul eerste in Mosambiek), hul geld in jou hande te hê (jy ken mos die Land) en te hoop jy het dit goed spandeer. Ek was self oorbluf, praat nie eers van ons vriende nie!
- Die uitleg van jul area is uitstekend en die wooneenhede is topklas, met 'n bonus van uitsig op die strand en die see (dit is tog die rede om na Mosambiek te gaan).
- Die gemeenskaplike kombuis/ontspannings area is iets besonders –die uitleg, die konstruksie en die toerusting. Ons is mense wat ander se eiendom soos ons eie oppas, maar die kwaliteit en kwantiteit van die toerusting in die gemeenskalike ontspannings area (en ook die wooneenhede) sê eenvoudig vir die vakansieganger dat julle 'n ekstensie skep van jul gaste se huis na die see en voel ons as gaste so bevoorreg dat ons ekstra aandag gee met die gebruik van jul insette .
- Huishouding - Ek kan nie aan een dag dink dat ons 'n bord, 'n koppie of 'n mes gesien het wat nog nie gewas is nie, nie eers sand op die stoep nie en dit als sonder om die personeel byna te sien. (As jy uit is, is hulle in – wonderlik!)
- Selfs die wagte was op hul pos sonder om hul deel te maak van jou kuier om die braaiplek.

Die oomblik van die vakansie wat by ons en ons vriende 'n blywende indruk laat, is dalk 'n eenvoudig ongesienne handeling in die oë van 'n hooghartige – vir ons het dit alles vertel van die mense wat die plek besit en van wie ons gaste was– *Trotse Suid Afrikaners met integriteit !*
Die *gesienne* handeling was toe al die personeel, mans en vroue, vroeg oggend die strand voor die lodge, skoonmaak net vir ons!

Bravo aan julle almal!

Beste groete
Andre en Karin Visagie en ons vriende van die Vrystaat